
# VERWOESTE KOMEET

## Ruimte Reeks (2)




Marinus Keet


VERWOESTE KOMEET
deur
MARINUS KEET
S·A·M
3/-
RUIMTE REEKS

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Die Lewendige Wolk | 5 |
| 2 | Aarde in Gevaar | 9 |
| 3 | Bose Planne | 11 |
| 4 | Die Nag in | 14 |
| 5 | Op die Rooi Planeet | 17 |
| 6 | Onheil uit die Ruimte | 21 |
| 7 | Verdeeldheid in Komitee | 24 |
| 8 | Roekelose Besluit | 27 |
| 9 | Aanval in die Nag | 30 |
| 10 | Magtelose Kobaltbomme | 34 |
| 11 | Die Wolk neem Besit | 38 |
| 12 | In die van die Intellek | 41 |
| 13 | Vlamme | 44 |
| 14 | Geveg in die Ruimte | 48 |

## Hoofstuk 1

# DIE LEWENDIGE WOLK

Aan professor Reicher se bokbaardjie sit stukke geel eier en wit pap. Hy is nie daarvan bewus nie. Hy weet nie eers wat hy vir ontbyt gehad het nie. Al sy aandag is op die portrette op die voorblad van die oggendkoerant. Sy eie portret! ...... en natuurlik dié van Pierre Sederberg.

Die feit dat sy portret maar net daar is omdat hy saam met Pierre in dieselfde laboratorium werk, maak gladnie saak nie. Hoofsaak is dat sy portret wel op die voorblad is!

Toe hy van die bus af klim, neem hy die koerant net vir 'n oomblik voor sy oë weg, net om te sien waar die trappie en moeder aarde is. Die koerant word weer voor sy gesig gehou en hy kies koers in die algemene rigting van die Instituut. Hy loop hom teen 'n dik, sagte kleurlingmeid vas.

„Sies djy, djou lelike ekskioes vir 'n skeleton!" skel die aia. „Sal djy nou hier teen 'n ordentlike getroude meid vasloop, ha?"

Professor Reicher weet nie waarteen hy vasgeloop het nie of dat die lawaai wat hy hoor, iets met hom te doen het nie. Hy dink aan die wolke op die nuwe komeet.

Dit is natuurlik Pierre Sederberg wat met die verbasende teorie vorendag gekom het dat die bewegings van daardie wolk deur 'n intelligente wil beheer word. Toe koerantmanne vir professor Reicher gevra het wat hy van Sederberg se teorie dink, het hy geantwoord:

Alle dinge is moontlik. Selfs die ietwat vergesogde teorie van my jong vriend Sederberg, is moontlik!"

Dis al wat hy gesê het en siedaar: sy portret oor twee kolomme op die voorblad!

By die hek vra die wag hom om sy permit te toon. By

die ingang tot die hoofgebou moet hy dit weer toon. Ergerlik oor die oponthoud stap hy deur die gange na die laboratorium. Pierre is reeds daar, doenig met sy Gamzintrillers.

„Goeie môre, Kêrel!" groet Reicher. „Jy is vroeg aan die werk!"

Pierre groet met 'n stroewe laggie. „Ek was nie weg nie, Professor."

„Jy het die hele nag deur gewerk?" Reicher klink verbaas. Hy het self tot twaalfuur gewerk, maar toe is hy doodmoeg na sy hotel. Hy wonder waar kry die jong Afrikanertjie al die energie vandaan. „Het jou INTELLIGENTE WOLK weer iets aangevang?"

Pierre vee 'n hand oor sy moeë voorhoof. „Ek weet nie, Professor. Ek is nog steeds met my swaartekrag proefneming besig. Ek is oortuig daarvan dat ek my teorie gaan bewys!"

„Ag, bog met jou swaartekragteorie!" Die professeor proes van minagting. „Elke proefneming bewys dat swaartekrag eweredig is tot massa. Daar is geen gronde vir jou bewegingstorie nie ."

„Behalwe as ek dit in die praktyk kan bewys!" sê Pierre.

„Los daardie onsin, man," hou Reicher vol. „Bly by jou Intelligente Wolk. Kyk wat het dít ons besorg!" Hy plak die koerant voor Pierre op die werkstafel.

„Dis oulik!" Pierre se belangstelling in die fotos lyk maar floutjies. „Moet ek aanneem dat u nou my teorie met betrekking tot die Wolk ondersteun?"

„Wel," sê Reicher. „soos ek die pers meegedeel het, alle dinge is moontlik. Maar ek glo nie aan spoke nie en 'n wolk wat kan dink en handel, is 'n spook!"

Pierre skud sy hoof. „Ek glo ook nie aan spoke nie en ek het nie gesê dat die Wolk intelligent is nie. Ek beweer slegs dat die wolk deur 'n intelligente mag bestuur word en dat daardie mag die wolk aanwend om die komeet se baan te verander."



Meer sê Pierre nie want hy vertrou hierdie man glad nie. Reicher is 'n Duitser wat voorheen vir die Russe gewerk het. Mens weet nooit wat so 'n man met geheime inligting sal aanvang nie!

Die professor skakel die sigplaat van die kosmoskoop aan. Niks vertoon op die sigplaat nie.

„Hemel, Sederberg!" roep Reicher uit. „Wil jy my sê dat jy nie eers die kosmoskoop op jou Wolk ingestel het nie!"

„Jammer, Professor!" Pierre stoot sy vingers deur sy hare in 'n gebaar van moegheid. „Ek was so besig met my swaarte......"

„Jy is moeg, kêrel!" val Reicher hom in die rede. „Jy moet liewer eers gaan eet en 'n bietjie slaap, dan kom help jy my om lesings te neem oor die komeet se baan!"

Pierre stem saam. Die holheid op sy maag en die dofheid in sy kop hinder hom in sy werk. Hy neem 'n koue stortbad in die kleedkamers en gaan daarna in die naaste kafee ontbyt nuttig.

Hy dink daaraan dat dit onmoontlik sal wees om sy volle aandag aan altwee die teorieë te skenk wat hy gedurende die laaste week ontwikkel het. Hy kan nie eers besluit welke van die twee teorieë die belangrikste is nie.

As hy reg is dat die Wolk deur een of ander duistere mag aangewend word om die komeet te rig, dan is die Aarde natuurlik in ernstige gevaar. Toe die komeet twee weke gelede ontdek is, was dit nog anderkant Pluto. Dit was toe op 'n baan wat dit tagtigmiljoen myl by die aarde verby sou voer.

Maar dit het daarna verskeie kere van rigting verander, elke keer nader na die baan van die aarde. As dit so aanhou, mag dit die aarde tref en in een slag verpoeier, of dit mag die aarde uit sy baan ruk en die buitenste ruimtes insmyt.

Die kafee se video blêr 'n program ruk-en-rol musiek uit. Skielik word die program onderbreek.

„Hier is 'n flitsberig," sê die aankondiger. „Dokter van der Stel van die Pretoriase Sterrewag het ons nuusredakteur sopas meegedeel dat die komeet Herholdt II ongeveer 'n uur gelede weereens op 'n onverklaarbare wyse geswenk het.

'n Opgewonde gebabbel bars in die kafee los. Wildvreemde mense praat met mekaar. In hul wanhopige vrees vir die dreigende ramp soek elkeen troos by mense wat ewe magteloos staan.

„Het julle gesien wat sê daardie twee geleerdes in vanmôre se koerant?" vra 'n oubaas. „Hulle sê die komeet word bestuur deur 'n bose gees in die vorm van 'n Wolk!"

Pierre bestel koffie. Solank hy daarvoor wag, word die musiek program weer onderbreek.

„'n Berig uit Geneve meld dat die veiligheidskomitee van die Internasionale Ruimteraad gereël het dat vier planeetvaarders van verskillende volke gestuur sal word om die komeet van nader te bestudeer. Hulle sal vanmiddag tussen drie uur en vyfuur Suid-Afrikaanse tyd van verskillende ruimtehawens af opstyg. Hulle kan die komeet binne twee weke bereik ......"

Pierre roer sy koffie ingedagte. As ander mense die wolk gaan bestudeer, dan kan hy al sy aandag aan die swaartekrag teorie gee. Hy meen dat hy op die spoor is van 'n krag, veel magtiger as enigiets waarvan die mens nog ooit gedroom het.

Hy moet versigtig loop vir Reicher. So 'n mag in die professor se hande, mag gevaarlik wees!



Hoofstuk 2

## AARDE IN GEVAAR

Goudie sê: „O Pierre, ek hoor jy beweer dat daar 'n bose gees op die komeet is en dat hy die aarde wil verwoes!"

Pierre Sederberg plaas sy arm om die skouers van die meisie. „Dit het ek darem nie gesê nie! Ek het slegs gesê dat die blou wolk wat op die komeet swewe, hom nie gedra soos 'n dooie bol gas nie. 'n Intelligente wil gebruik die wolk om die komeet op die een of ander wyse op die aarde af te stuur."

Goudie lag senuweeagtig. „Ek is bly jy glo nie in spoke nie, Pierre. Ek is so bang vir 'n spook as die duiwel vir 'n slypsteen! Ek is bly dat jy glo dat die wolk nie self lewe nie!"

„Dit sê ek ook nie, Goudie. Dit is natuurlik moontlik dat die wolk self lewe. Ek hoop dat die vier ruimteskepe wat vanmiddag vertrek het, sal kan bepaal of dit so is of nie!" Pierre voel op die oomblik onwetenskaplik. Hy stel meer in Goudie belang as in wolke, maar sy hou aan uitvra.

„Hoe kan 'n wolk lewe?"

„Kyk skat, jou verstand en myne werk deurdat miljoene senuvesels in ons breine deur chemiese of elektriese impulse geprikkel word," verduidelik hy. „Gestel nou daardie wolk bestaan uit 'n metaalgas wat lewe omdat ritse van sy molekules elektronies en positronies geprikkel word. Dan sal die wolk 'n intelligente wese wees, baie slimmer as al die mense op aarde saam!"

Goudie skud haar kop. „Nee, Pierre, dit kan my verbeelding nie snap nie!"

„Dink net, Goudie: ons maak vandag elektroniese rekenaars wat oneindig meer doeltreffend is as die mens-

like brein. Waarom kan veel beter stelsels nie iewers in die heelal ontstaan het nie?"

Die meisie swyg. Sy laat haar kop teen Pierre se skouer rus. Laat hy die ding wat hy beskrywe 'n INTELLIGENTE WOLK noem. Maar as Pierre reg is, dan is die ding niksanders nie as 'n BOSE GEES!

Pierre kuier by Goudie tot om halfelf. Toe gaan hy nie na sy hotel toe nie, maar na die laboratorium. Hy wil aan sy gamzintrillers werk, maar hy wil nie daaraan werk wanneer Reicher by is nie. Die magte wat hy op die punt staan om te ontketen, mag nie in die hande val van so 'n intellektuele outomaat as die professor nie

Reicher is gelukkig nie meer hier nie. Die sigplaat van die kosmoskoop is aangeskakel en die blink oog van die komeet skyn op die plaat.

Pierre bestudeer die antwoordvelle wat Reicher uit die elektroniese rekenaars getrek het. Hulle bewys dat die professor die hele aand besig was om die baan van die komeet te bereken. En die uitslag dui aan dat die komeet nog nader aan die aarde gerig is, aswat hy vanoggend was!

Pierre staar na die sigplaat. Hy kan die donker skaduwee van die wolk duidelik sien. Dit staan ongeveer 'n honderdduisend myl bokant die komeet uit - soos 'n roei spaan waarmee 'n bootjie gestuur word?

Geen natuurlike mag kan 'n wolk in so 'n posisie hou nie ........

Pierre haal die dop van sy gamzintriller af. Hy frons. Die skroewe is baie vaster as wat hy hulle gedraai het. Het Reicher die triller oopgemaak? Pierre trek sy skouers op. Hy moet maar net nog versigtiger loop vir Reicher.

Hy begin sy moeisame verstelling van duisende draadjies en plaatjies. Om drieuur die oggend is hy tevrede met sy werk. Hy kan nou langrillings voortbring Hy behoort hiermee die impulse van 'n menslike brein



te kan opvang en projekteer. Ongelukkig kon hy dit nie op homself uittoets nie. Hy het 'n proefkonyn nodig - 'n onwetende proefkonyn.

Doodmoeg en vaak gaan hy hotel toe. Hy werp hom met klere en al op sy bed neer. Voordat hy ordentlik bedvat, is hy vas aan die slaap!

Rustig slaap hy egter nie. In sy drome neem die bedreiging wat die Wolk vir die aardbol inhou, ontsettende afmetings aan. Hy sien die ligstippeltjie, wat die komeet nou is, aangroei totdat dit groter as die maan lyk. Teen 'n ontsettende spoed word dit groter totdat 'n gloeiende rooi bol die hele hemelruim vul.

Die ganse hemel slaan in tierende vlamme uit. Mense waansinnig van vrees, hardloop skreeuend heen en weer. Sterk mans gaan handewringend op hul knieë. Kindertjies soek beskerming by hul hulpelose moeders. En die moeders, vreesverwronge gesigte omhoog, probeer hul ou kleintjies troos.

Pierre skrik wakker, nat van die sweet. Sy handpalms is seer waar die naels daarin gedruk het.

## Hoofstuk 3

## BOSE PLANNE

Die oggendkoerante is vol berigte in verband met die komeet. Paniek het die mensdom beetgepak. Werkers bly in hul honderduisende tuis, drankwinkels ondervind 'n ongekende stormloop en filmsterre en miljoenêrs gee fabelagtige bedrae aan liefdadigheid.

Wetenskaplikes oor die hele wêreld verwerp Sederberg en Reicher se teorieë. Staatsmanne is woedend oor die publikasie van die twee se „spookstorie" en strenge optrede teen hulle word allerweë geëis.

Die enigste steun vir Pierre se „voorspelling" kom van 'n profetes uit Engeland en 'n geestespreker van